Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2016

REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V2

PUNTE: **150**

TYD: **3 uur**

* I C A T N A *

Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit:

   AFDELING A (25 punte)
   AFDELING B (75 punte)
   AFDELING C (50 punte)

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in die vraestel gebruik is.

4. Begin ELKE vraag op ŉ NUWE bladsy.

5. Moenie in die regterkantruimte skryf nie.

6. Laat ŉ reël na elke sub-vraag oop.

7. Daar word gewoonlik EEN punt per feit toegeken. Dus sal ŉ 2 punt-vraag TWEE feite vereis, ensovoorts.

8. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1: PAS-ITEMS

Kies 'n term/begrip uit KOLOM B wat by 'n beskrywing in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–O) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 1.11 Q.

KOLOM A		KOLOM B	
1.1	'n Afkorting wat aandui dat onakkurate data toevoer tot onakkurate afvoer lei	A	RSS
1.2	Rekenaars verskaf dienste of hulpbronne aan ander rekenaars wat aan 'n netwerk gekoppel is	B	CSV-lêer
1.3	'n Komponent wat die rekenaar aan die netwerk konnekteer en die rekenaar in staat stel om met die netwerk te kommunikeer	C	IDV ('ISP')
1.4	Voorsien gebruikers outomaties van opgedateerde inhoud, soos byvoorbeeld bygewerkte blog-inskrywings en nuushoogtepunte	D	Cc
1.5	'n Opsie wanneer 'n e-pos opgestel word wat toelaat dat 'n e-pos gestuur word aan ontvangers sonder dat die e-pos adres sigbaar aan al die ontvangers van die boodskap is	E	Txt-lêer
1.6	Voeg rekords in 'n bestaande tabel van 'n databasis by deur dit in die bestaande tabel in te voer of te kopieer	F	GIGO
1.7	'n Tekslêer wat kommas gebruik om die waardes in elke reël te skei	G	Groenrekenarisering
1.8	'n Konsep wat gewoonlik met 'n papierlose kantoor geassosieer word	H	CVS
1.9	'n Maatskappy wat oor 'n vinnige, permanente Internetkoppeling beskik	I	Bediener
1.10	'n Program wat na dokumente op die Internet soek, deur van sleutelwoorde of frases wat deur die gebruiker ingetik word, gebruik te maak	J	Append
		K	NIC
		L	Soekenjin
		M	KTS
		N	Bcc
		O	Digitale skeiding

(10 x 1) (10)

VRAAG 2: MEERVOUDIGEKEUSE-VRAE

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde vir die volgende vrae gegee. Kies die korrekte antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (2.1–2.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld 2.11 E.

2.1 Die hardewarekomponent wat die ‘startup’-instruksies huisves.

A BTAS (‘BIOS’)
B SVE
C LSG (‘RAM’)
D ROM-skyfie op die moederbord (1)

2.2 ’n ... is ’n stel reëls wat kommunikasie en data-oordrag oor ’n netwerk of die Internet toelaat.

A Algoritme
B Protokol
C Wet
D Topologie (1)

2.3 Watter EEN van die volgende verteenwoordig die volgorde van koordlose reikwydte/bandwydte van die hoogste tot die laagste?

A WiFi; Bluetooth; WiMAX
B Bluetooth; WiFi; WiMAX
C WiMAX; Bluetooth; WiFi
D WiMAX; WiFi; Bluetooth (1)

2.4 ’n ... is ’n versameling programme wat ontwerp is om ’n rekenaar te infiltreer en die hoogste vlak van voorregte te bekom om beheer oor te neem van die geïnfekteerde rekenaar.

A Trojaanse perd
B Skimverklikker (‘Rootkit’)
C Klikprogram (‘Spyware’)
D Wurm (1)

2.5 Die mees gepaste sigblad grafiek om ’n tendens soos die styging van aartappelpryse oor ’n tydperk te wys.

A Sirkelgrafiek
B Lyngrafiek
C Staafgrafiek
D Oppervlaktegrafiek (1)

2.6 In ŉ databasis, behoort ŉ tabel ŉ veld te bevat wat gebruik word om elke rekord te identifiseer met ŉ unieke veld. Hierdie veld word die ... genoem.

A Identiteitsnommer
B Auto number
C Bronkode
D Primêre sleutelveld (1)

2.7 ... is ŉ aksie wat jy sou gebruik om ongevraagde dele van ŉ foto te skraap.

A Crop
B Cut
C Resize
D Undo (1)

2.8 Watter EEN van die volgende maak NIE van kasberging gebruik NIE?

A SVE
B Berging
C Tik
D Webbladsye (1)

2.9 ŉ Term wat gebruik word om te beskryf wanneer ŉ persoon aan ŉ groep of ŉ instansie gekoppel kan word.

A Affiliasie
B Akkuraatheid
C Gehoor
D Hoe op datum inligting is (1)

2.10 Eiendomsregtelike sagteware is sagteware wat …

A heeltemal gratis is.
B ŉ lisensie benodig om gebruik te word.
C vryelik gekopieer kan word vanaf die wettige eienaar van die sagteware.
D met vriende gedeel kan word. (1)

[10]

VRAAG 3: VERANDERDE WAAR/ONWAAR

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Herskryf die stellings wat ONWAAR is, om dit WAAR te maak deur NET die woord/frase wat onderstreep is, te vervang. (Jy mag NIE net die woord NIE gebruik om die stelling se doel te wysig NIE.)

3.1 **F5** is die kortpad sleutel om ŉ webtuiste te verfris. (1)

3.2 **Plagiaat** is om iemand anders se werk as jou eie te gebruik. (1)

3.3 **Favorites** is die inligting oor ŉ lêer wat gebruik kan word om dit te identifiseer. (1)

3.4 **OKT ('UPS')** is ŉ toestel wat gebruik word om rekenaars teen kragstuwings en ook teen kragonderbrekings te beskerm. (1)

3.5 **Kuber-afknouery** is ongewenste aandag teenoor ŉ ander mens of groep mense met die gebruik van selfone, rekenaars en ander elektroniese kommunikasiemetodes. (1)

[5]

TOTAAL AFDELING A: 25

AFDELING B

VRAAG 4: STELSELTEGNOLOGIEË

4.1 Mobiele toestelle sal by ŉ plaaslike gemeenskapsentrum beskikbaar gestel word en die sentrum sal toegang tot digitale hulpbronne, die Internet en mobiele tegnologieë insluit.

4.1.1 Definieer die term *bedryfstelsel*. (2)

4.1.2 Watter mobiele bedryfstelsel word met die terme Ice Cream Sandwich en Jelly Bean geassosieer? (1)

4.1.3 Noem TWEE funksies van ŉ bedryfstelsel. (2)

4.2 ŉ Kwotasie met die spesifikasies vir die nuwe rekenaars vir die sentrum hieronder is ontvang.

Intel Core i5 2.6 GHz SVE 2 GB LSG (‘RAM’) 3 TB HDD

4.2.1 Die Intel Core i5 SVE bevat veelvuldige kerne (cores). Verduidelik kortliks hoekom hierdie eienskap die werkverrigting van die SVE verbeter. (2)

4.2.2 Die kwotasie is nie aanvaar nie omdat dit te duur was.

Identifiseer die enkele komponent in die kwotasie wat duidelik geïdentifiseer kan word as die een met ŉ onnodige hoë spesifikasie vlak. (1)

4.2.3 Noem TWEE verskille tussen geheue en stoor, buiten hulle funksie en tipiese groottes of kapasiteit. (2)

4.3 Apparatuur wat breek is ongelukkig deel van die wêreld van rekenaars.

4.3.1 Noem TWEE wenke wat jy kan probeer as jy probleme met die skryf van ŉ CD of DVD ondervind, <u>behalwe</u> om ŉ ander aandrywer of skyf te gebruik. (2)

4.3.2 Noem TWEE voorsorgmaatreëls wat kan help verhoed dat apparatuur breek. (2)

4.4 Die sentrumbestuurder sal ŉ nuwe skootrekenaar vir kantoorgebruik kry. Die skootrekenaar is met ŉ vingerafdruksensor toegerus.

4.4.1 Noem EEN voordeel van die vingerafdruksensor in ŉ skootrekenaar. (1)

4.4.2 Gee ŉ ander voorbeeld van ŉ biometriese toestel/stelsel wat gebruik kan word om individue op ŉ unieke manier te identifiseer. (1)

4.5 Die bestuurder het agtergekom dat die rekenaars sonder ŉ kantoorpakket aangekoop word.

4.5.1 Noem TWEE voordele verbonde aan die gebruik van ŉ oopbron kantoorpakket. (2)

4.5.2 Ongelukkig is daar ook nadele verbonde aan die gebruik daarvan. Noem TWEE nadele. (2)

4.6 Die bestuurder se pragtige lessenaar het ŉ werkoppervlakte soos ŉ spieël.

4.6.1 Verduidelik aan hom hoekom dit ŉ probleem kan wees met ŉ optiese muis. Beskryf kortliks ŉ moontlike oplossing. (2)

4.6.2 Hoekom sal jy ŉ ergonomiese muis vir die bestuurder aanbeveel? (1)

4.6.3 Noem TWEE strategieë wat die sentrum kan gebruik om te verhoed dat apparatuur gesteel word. (2)

[25]

VRAAG 5: INTERNET- EN NETWERKTEGNOLOGIEË

5.1 Die rekenaars by die nuwe hulpbronsentrum moet ŉ Internetverbinding deel; daarom sal die rekenaars in ŉ netwerk verbind wees. ŉ Toegangspunt sal ook geïnstalleer word om ŉ kabellose netwerk (WLAN) te skep.

5.1.1 Verduidelik kortliks die verskil tussen ŉ *lêerbediener* en ŉ *proxy-bediener*. (2)

5.1.2 Wat is die **grootste voordeel** van die gebruik van ŉ WLAN eerder as ŉ kabelgebaseerde LAN? (1)

5.1.3 Een toegangspunt is nie voldoende vir die hulpbronsentrum nie.

Gee TWEE redes waarom meer as een toegangspunt nodig mag wees. (2)

5.1.4 Wat is ŉ *Intranet*? (1)

5.2 Die Internet stel ons in staat om met een of meer mense te kommunikeer deur die gebruik van Intydse boodskapdienste (*Real-time messaging*) wat jou toelaat om met teks, klank of video te kommunikeer.

5.2.1 Lys TWEE voordele van die gebruik van SoIP ('VoIP') programmatuur. (2)

5.2.2 Baie mense maak gebruik van RSS-versamelaars.

Noem EEN nadeel van RSS-versamelaars. (1)

5.2.3 Noem TWEE redes waarom sommige webtuistes nie reg vertoon wanneer daarna op mobiele toestelle gekyk word nie. (2)

5.2.4 Noem TWEE kategorieë van media wat vir die oordrag van data in ŉ netwerk gebruik kan word. (2)

5.3 Die sentrumbestuurder wil ŉ e-posboodskap van ŉ sekere persoon lees. Hoe kan hy dié boodskap vinnig in die hande in Microsoft Outlook kry? (1)

5.4 Waarom wil die sentrumbestuurder sy e-posboodskappe in stoorareas soos Folders of Labels stoor? (1)

[15]

VRAAG 6: INLIGTINGBESTUUR

6.1 Een van die belangrikste dele van navorsing is om te bepaal watter vrae om te vra. Geslote vrae sowel as oop-vrae is baie belangrik wanneer probleme opgelos en take uitgevoer word.

Beskou die volgende twee vrae wat in ŉ vraelys voorgekom het, en beantwoord die vrae wat volg.

Beplanning vir die Desember-vakansie	
Vraag 1	Hoe lank is die vakansie?
Vraag 2	Moet ons weggaan of tuis bly?

6.1.1 Watter een van bogenoemde twee vrae is ŉ oop-vraag en watter een is ŉ geslote-vraag? (2)

6.1.2 Verduidelik kortliks die verskil tussen ŉ oop-vraag en ŉ geslote-vraag. (2)

6.2 Oorweeg die volgende vraag wat as deel van ŉ opname oor die plaaslike gemeenskapsentrum gevra is:

Dui jou ouderdomsgroep met ŉ kruisie (X) aan:

Onder 16	16 – 29	30 – 39	40 – 60	Oor 60

6.2.1 Noem die nadeel van die gebruik van spesifieke <u>ouderdomsgroeperings</u> soos aangedui, wanneer dit kom by die ontleding of beantwoording van navrae oor die data (in ŉ sigblad of ŉ databasis). (1)

6.3 Noem TWEE nadele, of beperkinge, van die doen van aanlyn opnames, naamlik via ʼn webtuiste, in teenstelling daarmee om dit van aangesig tot aangesig te doen. (2)

6.4 Beskryf, deur ʼn gepaste voorbeeld te gebruik, wat ʼn *skeidingskarakter* is. (1)

6.5 Wanneer jy met ʼn dokument besig is, moet jy die bron van enige inligting waarna jy verwys, of waaruit jy aanhaal, noem.

Noem EEN rede waarom jy aan bronne erkenning moet gee. (1)

6.6 Hoekom is dit makliker om die kwaliteit van inligting na te gaan indien die naam van ʼn skrywer op ʼn webtuiste gelys is? (1)

[10]

VRAAG 7: SOSIALE IMPLIKASIES

7.1 ʼn Persoon met beperkte motoriese beheer sukkel dikwels om ʼn gewone sleutelbord of ʼn muis te gebruik.

7.1.1 Noem TWEE alternatiewe toestelle wat sulke mense in staat stel om ʼn rekenaar effektief te gebruik. (2)

7.1.2 Hoe kan klewerige sleutels (‘sticky keys’) hulle help om die sleutelbord meer effektief te gebruik? (1)

7.2 Verduidelik hoe die volgende rekenaarmisdaad gepleeg word:

7.2.1 Sosiale ingenieurswese/manipulasie (‘Social engineering’) (1)

7.2.2 Noem EEN voorbeelde van Sosiale ingenieurswese/manipulasie (‘Social engineering’) (1)

7.3 Noem TWEE opsies wat die kragskema of instellings van ʼn skootrekenaar jou bied, om die batterylewe te verleng. (2)

7.4 Noem TWEE eienskappe, behalwe die pos van teksboodskappe, wat ʼn webtuiste soos Facebook het. (2)

7.5 Verduidelik kortliks wat spioenprogramme (‘spyware’) is. (1)

[10]

VRAAG 8: OPLOSSINGONTWIKKELING

8.1 Die volgende skermafdruk is ŉ voorbeeld van ŉ moontlike databasis wat deur jou skool gebruik kan word. Dit is in Microsoft Access geskep.

Naam	Van	Ouderdom	Manlik/Vroulik	Span Naam	Swem	Diskus gooi	Hammer gooi
JOHAN	VAN RENSBURG	19	M	Blou	☑	☑	☑
ELBE	VAN ZYL	19	V	Rooi	☑	☐	☑
ROCHELLE	PRINSLOO	16	V	Rooi	☐	☑	☐
WIHAN	ODENDAAL	17	M	Blou	☑	☐	☑
STEFAN	PRETORIUS	19	M	Blou	☑	☑	☑
CHRISTINE	VISAGIE	19	V	Rooi	☑	☐	☐
RUAN	VAN DER MERWE	16	M	Blou	☑	☑	☑
ANIKA	BARNARD	17	V	Rooi	☑	☑	☑

8.1.1 Noem TWEE voorbeelde van validasiereëls wat op hierdie databasis van toepassing kan wees. (2)

8.1.2 Wat kan jy doen om spelfoute te voorkom wanneer spanname ingesleutel word? (1)

8.1.3 Wat kan jy doen om te verseker dat al die name en vanne in hoofletters sal verskyn? (2)

8.2 Die volgende skermafdruk is ŉ voorbeeld van ŉ moontlike sigblad wat deur jou skool gebruik kan word. Dit is in Microsoft Excel geskep.

	A	B	C	D	E	F
1	**Naam**	**Van**	**Manlik/Vroulik**	**Geboortedatum**	**Bedrag betaal**	**Span Naam**
2	Johan	van Rensburg	M	10 Maart 1995	R 500.00	Blou
3	Elbe	van Zyl	V	06 Mei 1999	R 400.00	Rooi
4	Rochelle	Prinsloo	V	06 April 1999	R 500.00	Rooi
5	Wihan	Odendaal	M	08 Julie 1998	R 400.00	Blou
6	Stefan	Pretorius	M	11 Julie 1998	R 300.00	Blou
7	Christine	Visagie	V	22 February 1997	R 200.00	Rooi
8	Ruan	van der Merwe	M	10 September 1998	R 500.00	Blou
9	Anika	Barnard	V	05 Desember 1995	R 200.00	Rooi
10						

8.2.1 Skryf die funksie neer in **Sel A10** om die hoeveelheid name te tel wat begin met die letter **R**. (2)

8.2.2 Watter funksie sou jy byvoeg tot **Sel D10** om die huidige datum te vertoon? (1)

8.2.3 Kolom **D** en **E** is soos bo geformateer. Noem die formate waarin kolom **D** en **E** geformateer is. (2)

8.3 Noem DRIE voordele verbonde aan die gebruik van ŉ databasis in plaas van sigblaaie. (3)

8.4 Watter term word gebruik om die seladressering te beskryf waar ŉ gedeelte van die seladres dollartekens insluit, byvoorbeeld B3? (1)

8.5 Watter 'tag' sal gebruik word om ŉ nuwe lyn in HTML te begin? (1)

[15]

TOTAAL AFDELING B: 75

AFDELING C

Lees die volgende scenario aandagtig deur aangesien al die vrae in AFDELING C wat volg, daarop gebaseer is.

SCENARIO

Jou buurman, Patrick, begin sy eie boekwinkel. Hy wil graag al die administrasie van die boekwinkel elektronies op rekenaars doen. Hy het gevra dat jy hom help met tegniese raad. Hy het alreeds ses rekenaars gekoop en in die boekwinkel opgestel. Die rekenaars is gekoppel aan ŉ netwerk.

Hy wil graag hê dat jy hom moet help om die administrasie op die rekenaars seepglad te laat verloop deur hom te wys hoe om ŉ netwerk en die Internet te gebruik.

VRAAG 9: GEÏNTEGREERDE SCENARIO

Patrick wil graag ŉ skootrekenaar vir homself koop. Help hom om sin te maak van die volgende spesifikasies wat hy vanaf ŉ IT tegnikus gekry het:

Lenova skootrekenaar (‘laptop’)
AMD E1-6010 processor
2GB DDR 3 LSG (‘RAM’)
Webkamera (‘webcam’), kaartleser (‘card reader’)
Kabellose (‘Wireless’) LAN, HDMI,
Numeriese sleutelbord (‘Numeric keypad’), DVD-Skrywer (‘Writer’),
15.6” HD LCD skerm (‘screen’), Bluetooth
500 GG HDD, Windows 8.1
1 jaar waarborg op geselekteerde onderdele (‘1 year warranty on selected parts’)

9.1 Patrick reis gereeld en wil dus ŉ skootrekenaar koop om te gebruik terwyl hy weg is van die boekwinkel af.

9.1.1 Noem TWEE redes hoekom ŉ skootrekenaar ŉ beter opsie as ŉ gewone lessenaarrekenaar vir hom sou wees. (2)

9.1.2 Watter bedryfstelsel is op die Lenova skootrekenaar geïnstalleer? (1)

9.1.3 Verduidelik die doel van die geadverteerde kaartleser. (2)

9.1.4 Verduidelik die doel van LSG (‘RAM’) in die skootrekenaar aan Patrick. (2)

9.2 Patrick ondervind ŉ paar probleme met een van die rekenaars. Dit werk heelwat stadiger as gewoonlik.

9.2.1 ŉ Vriend het voorgestel dat Patrick die spoed kan verbeter deur die rekenaar daagliks te defragmenteer om meer hardeskyfspasie oop te maak.

Lewer kritiese kommentaar rakende hierdie advies deur *defragmentasie* te definieer. (3)

9.3 Patrick sal van ŉ bekabelde LAN netwerk binne die boekwinkel gebruik maak.

9.3.1 Watter tipe bekabeling stel jy voor dat hulle gebruik? Lys TWEE redes waarom jy dit sal kies. (3)

9.3.2 Noem TWEE nadele van ŉ LAN. (2)

9.4 Patrick het ŉ Aanvaarbare Gebruiksbeleid (AGB) (*AUP*) dokument vir die boekwinkel saamgestel, en die dokument sluit ŉ afdeling oor groenrekenarisering in.

9.4.1 Wat is die doel van ŉ AGB (*AUP*) dokument? (1)

9.4.2 Die AGB (*AUP*) verklaar dat elektroniese dokumente, waar moontlik, in plaas van gedrukte dokumente gebruik moet word.

Noem TWEE voordele van die gebruik van elektroniese dokumente. (2)

9.4.3 Die AGB (*AUP*) gee nie aandag aan hoe om van ou rekenaars ontslae te raak nie.

Stel TWEE maatreëls voor wat by die beleid ingesluit kan word om daaraan aandag te gee om van ou rekenaars ontslae te raak. (2)

9.5 Patrick wil die publiek bewus maak van hul digitale voetspoor en privaatheid wanneer hulle op die Internet rondblaai.

9.5.1 Wanneer iemand op die Internet rondblaai, stoor die webblaaier koekies (‘cookies’).

Verduidelik aan Patrick die betekenis van ŉ *koekie (‘cookie’).* (2)

9.5.2 Moderne webblaaiers bied ŉ privaatheidmodus aan gebruikers wanneer hulle op die Internet rondblaai.

Noem EEN rede waarom Patrick die privaatheidmodus wil gebruik. (1)

9.5.3 Hoekom is dit belangrik dat Patrick anti-adware programmatuur op die rekenaars in die boekwinkel installeer? (1)

9.6 Patrick wil ŉ wiki vir die boekwinkel opstel.

9.6.1 Hoe verskil ŉ wiki van ander verwysingsbronne? (2)

9.6.2 Noem EEN manier waarop hy kan seker maak dat die inligting wat op die wiki geplaas word, van ŉ toepaslike standaard is. (1)

9.7 Baie gehoorgestremde en gesiggestremde gebruikers sal die boekwinkel besoek en hulle maak staat op IKT vir beter kommunikasie.

9.7.1 Noem die tipe toepassing wat ŉ gehoorgestremde leerder in staat stel om ŉ lesing of gesprek te volg. (1)

9.7.2 Verduidelik hoe ŉ toepassing soos *Google Voice Search* ŉ gesiggestremde gebruiker kan help. (1)

9.8 Patrick wil alle take en stelsels in die boekwinkel rekenariseer.

9.8.1 Waarna verwys die term *kantooroutomatisasie*? (1)

9.8.2 Bespreek kortliks TWEE voordele van kantooroutomatisasie. (2)

9.9 Patrick wil voorkom dat data verlore gaan en dat ongemagtigde toegang tot data verkry word.

9.9.1 Noem EEN voorbeeld van menslike aksies wat kan veroorsaak dat data verlore gaan. (1)

9.9.2 Noem TWEE tegnieke wat gebruik kan word om die boekwinkel se data te beskerm. (2)

9.9.3 Verduidelik kortliks hoe kwaadwillige programmatuur (‘malware’) finansiële kostes vir die boekwinkel kan inhou. (1)

9.10 Patrick begin ŉ projek om graad 11-leerders van ŉ ander skool te help om rekenaargeletterd te raak. Hulle missie is om die digitale kloof (‘digital divide’) wat bestaan, te oorbrug.

9.10.1 Omskryf die term *kommunikasie sagteware*. (1)

9.10.2 Noem TWEE metodes hoe om digitale kommunikasie in minderbevoorregte gemeenskappe te verhoog. (2)

9.11 Patrick het rugsteunkopieë van al sy lêers gemaak en hulle in ŉ aparte lêergids op dieselfde hardeskyf as die oorspronklike lêers gestoor.

9.11.1 Gee TWEE redes hoekom dit nie so ŉ goeie idee is nie. (2)

9.11.2 Verduidelik die term ‘*archiving*’. (2)

9.12 Patrick het ŉ webblad vir die boekwinkel geskep.

9.12.1 Noem EEN taal wat gebruik word om webblaaie te skep. (1)

9.12.2 Watter TWEE faktore moet in ag geneem word om ŉ webblad aantreklik te maak vir die persone wat dit gaan gebruik? (2)

9.12.3 Waarom sou jy kommentaar (*comments*) in ŉ HTML-dokument gebruik? (1)

9.12.4 Noem TWEE hoofelemente van ŉ HTML-dokument. (2)

TOTAAL AFDELING C: 50
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou